

Johannes Meintjes

Veelsydige Kunstenaar

As 'n mens Johannes Meintjes vra wanneer hy begin skilder het, sal hy antwoord: „Nog voordat ek kon praat". En so was dit. Maar dis ook waar van baie kinders. Wat wel uitsonderlik word, is wanneer 'n kind onverpoosd daarmee volhou tot dwarsdeur die puberteitsjare. Meintjes verklaar dat hy sy lewe lank met die skilderkuns besig is.

Die eerste vyf jaar van sy lewe het hy sorgvry op die familieplaas, Grootzeekoegat, in die distrik Molteno in Noordoos-Kaapland deurgebring. Hier was sy vader skaapboer. Wanneer hy nie met sy tekeninge besig was nie, het hy saam met sy vader veld toe gegaan, in die skaapkrale gespeel, of saam met sy vader op sy perd gery. Sy moeder, gebore Borcherds, spruit uit een van die mees verfynde families van Wes-Kaapland en is 'n nasaat van die bekende Meent Borcherds, aanvanklik Hollandse leraar in Kaapstad en vanaf 1786 leraar op Stellenbosch. Van vaderskant bevind Meintjes se voorgeslagte hulle reeds byna drie eeue in Suid-Afrika.

Meintjes se vader is skielik op 35-jarige leeftyd oorlede. Mev. Meintjes het met haar vier kinders na haar tuisdorp, skilderagtige Riversdal, getrek waar klein Johannes ook vyf jaar tevore gebore is. Hier sou hy tot sy vyftiende jaar bly.

Op Riversdal het hy hom al hoe meer in teken- en skilderwerk verdiep, veral in studies van mense. Die bejaarde kunskilder Jan Volschenk het toe nog gelewe en die jong knaap het dikwels by die oubaas se ateljee ingeloer. Volschenk was toe reeds baie oud, met 'n spierwit kop. Johannes het graag na hom en sy landskappe sit en kyk, maar Volschenk is oorlede toe die seun nog baie jonk was.

„My eie werk het ek vir almal gewys wat daarna wou kyk," vertel Meintjes. „Tot my verbasing moes ek ontdek dat ek beter as my onderwyseres kon teken. Ek het my werk op die kunsafdeling van die jaarlikse landbouskou begin uitstal en feitlik al die pryse verower, 'n prestasie wat my in staat gestel het om my eerste olieverf te koop."

In mnr. Viljoen het hy 'n goeie kunsonderwyser gehad van wie hy baie kon leer en wat hom deurgaans aangemoedig het. Toe hy vyftien was, het hy met olieverf begin werk, al sukkelend, en met sy twee jongste sussies as onwillige modelle.

Mev. Meintjes het in 1938 besluit om met haar kinders—'n seun en drie dogters—na Kaapstad te verhuis. Hier is die jong Johannes se lewe ingrypend verander. Kaapstad sou ook jare daarna sy woonplek bly. Mnr. H. A. Rust, tans Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland, was destyds hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck, en hy het spesiaal gereël dat Meintjes kuns as skoolvak kon neem. Die paar skoliere aan wie dié vergunning gemaak is, het kunsklasse van Florence Zerffi in haar ateljee te Wynberg ontvang. Sy was 'n kunstenares van naam, weduwee van die briljante impressionis Strat Caldecott, en 'n baie bekwame dog strenge onderwyseres. So het Meintjes se eerste akademiese onderrig op 15-jarige ouderdom begin. Zerffi het sy talent uitgeken, want sy het aangebied om hom kosteloos ekstra klasse, wat niks met die skoolwerk te doen sou hê nie, te gee. Sy het sy vordering krities gevolg.

„Zerffi was 'n ongenadige onderwyseres, maar deeglik soos min en ek het baie van haar geleer. Haar goeie smaak, vurige opvattings, skerp kritiese sin en wye belesenheid sou my blywend beïnvloed, hoewel haar werk my koud gelaat het," verklaar Meintjes.

„Toe het ek vir Irma Stern en Maggie Laubser ontdek. Instinktief het ek geweet dat dit die rigting was waarin ek moes werk. Irma Stern se kleurgevoel en Maggie Laubser se komposisie het 'n nuwe wêreld vir my oopgesluit—die Ekspressionisme, waarvan ek toe nog maar min geweet het. Ek het geleer hoe om met olieverf te werk en een na die ander doek voltooi—wild en koorsig. Zerffi het haar bes gedoen om my in

Selfportret op 19-jarige ouderdom, 1944